**OCEANA GROUP LIMITED**

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Registrasienommer: 1939/001730/06)

# TUSSENTYDSE VERSLAG

## en dividendverklaring

vir die ses maande geëindig

**31 Maart 2010**



**WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET 5%**




**DIVIDENDE PER AANDEEL STYG MET 6%**




## VERKORTE GROEPSTAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Aan-tekening | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Verandering % | Geouditeer jaar geëindig 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | **1 526 401** | 1 620 760 | (6) | 3 301 288 |
| Koste van verkope | | **982 961** | 1 169 169 | (16) | 2 231 648 |
| Bruto wins | | **543 440** | 451 591 | 20 | 1 069 640 |
| Uitgawes ten opsigte van verkope en verspreiding | | **133 361** | 109 314 | 22 | 246 473 |
| Bemarkingsuitgawes | | **15 041** | 12 077 | 25 | 29 641 |
| Bedryfsuitgawes | | **195 085** | 180 711 | 8 | 377 760 |
| Netto valutaverlies/(wins) | | **8 174** | (24 622) | | 4 900 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | **191 779** | 174 111 | 10 | 410 866 |
| Abnormale items | 3 | **(19 239)** | 3 416 | | 19 329 |
| Bedryfswins | | **172 540** | 177 527 | (3) | 430 195 |
| Dividende ontvang en opgeloop | | **6 846** | 11 624 | | 18 731 |
| Netto rente ontvang | | **877** | 3 856 | | 7 230 |
| **Wins voor belasting** | | **180 263** | 193 007 | (7) | 456 156 |
| Belasting | | **68 646** | 63 093 | 9 | 148 223 |
| **Wins na belasting** | | **111 617** | 129 914 | (14) | 307 933 |
| **Ander omvattende inkomste** | | | | | |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | | **(3 037)** | (6 324) | | (24 894) |
| Beweging in kontantvloei-verskansingsreserwe | | **6 485** | (3 357) | | (7 856) |
| **Ander omvattende inkomste na belasting** | | **3 448** | (9 681) | | (32 750) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | **115 065** | 120 233 | (4) | 275 183 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Group Beperk | | **106 671** | 122 504 | (13) | 292 199 |
| Nie-beherende belang | | **4 946** | 7 410 | (33) | 15 734 |
| | | **111 617** | 129 914 | (14) | 307 933 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | | |
| Aandeelhouers van Oceana Group Beperk | | **110 119** | 112 823 | (2) | 259 449 |
| Nie-beherende belang | | **4 946** | 7 410 | (33) | 15 734 |
| | | **115 065** | 120 233 | (4) | 275 183 |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | 7 | **99 578** | 98 998 | | 99 041 |
| Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e) | | **104 981** | 101 527 | | 101 950 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | | |
| Basies | | **107.1** | 123.7 | (13) | 295.0 |
| Verwater | | **101.6** | 120.7 | (16) | 286.6 |
| **Dividende per aandeel (sent)** | | **33.0** | 31.0 | 6 | 184.0 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | | | | | |
| Basies | | **126.4** | 120.8 | 5 | 279.4 |
| Verwater | | **119.9** | 117.8 | 2 | 271.5 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| Saldo aan die begin van die tydperk | **1 125 696** | 999 558 | 999 558 |
| Aandele uitgereik | **6 428** | 11 294 | 12 979 |
| Afname in tesourieaandele gehou deur aandeletrusts | **99** | 992 | 1 187 |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | **(3 037)** | (6 324) | (24 894) |
| Beweging in kontantvloeiverskansingsreserwe | **6 485** | (3 357) | (7 856) |
| Erkenning van aandeelgebaseerde betalings | **2 705** | 3 920 | 7 466 |
| Wins na belasting | **111 617** | 129 914 | 307 933 |
| (Verlies)/wins op verkoop van tesourieaandele | **(3)** | | 307 |
| Dividende verklaar | **(160 953)** | (135 429) | (170 984) |
| Saldo aan die einde van die tydperk | **1 089 037** | 1 000 568 | 1 125 696 |
| Bestaande uit: | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **23 065** | 14 656 | 16 536 |
| Valuta-omrekeningsreserwe | **(5 555)** | 16 052 | (2 518) |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **130** | 130 | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | **(1 371)** | (3 357) | (7 856) |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **34 696** | 28 502 | 32 015 |
| Uitkeerbare reserwes | **1 007 928** | 914 449 | 1 053 395 |
| Nie-beherende belang | **30 144** | 30 136 | 33 994 |
| Totaal | **1 089 037** | 1 000 568 | 1 125 696 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Ongeouditeer 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Geouditeer 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| Nie-bedryfsbates | **515 643** | 524 188 | 534 276 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **344 206** | 342 225 | 352 170 |
| Klandisiewaarde | | 21 720 | 18 774 |
| Handelsmerk | **16 286** | 20 064 | 17 343 |
| Uitgestelde belasting | **7 694** | 6 577 | 5 878 |
| Beleggings en lenings | **147 457** | 133 602 | 140 111 |
| Bedryfsbates | **1 181 426** | 1 060 673 | 1 188 010 |
| Voorraad | **587 666** | 491 667 | 589 814 |
| Rekenings ontvangbaar | **504 747** | 467 928 | 408 793 |
| Kontant en kontantekwivalente | **89 013** | 101 078 | 189 403 |
| Totale bates | **1 697 069** | 1 584 861 | 1 722 286 |
| **Ekwiteit en laste** | | | |
| Ekwiteit | | | |
| Aandelekapitaal en -premie | **23 065** | 14 656 | 16 536 |
| Beweging in valuta-omrekeningsreserwe | **(5 555)** | 16 052 | (2 518) |
| Kapitaaldelgingsreserwe | **130** | 130 | 130 |
| Kontantvloeiverskansingsreserwe | **(1 371)** | (3 357) | (7 856) |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **34 696** | 28 502 | 32 015 |
| Uitkeerbare reserwes | **1 007 928** | 914 449 | 1 053 395 |
| Belang van eie aandeelhouers | **1 058 893** | 970 432 | 1 091 702 |
| Nie-beherende belang | **30 144** | 30 136 | 33 994 |
| Totale ekwiteit | **1 089 037** | 1 000 568 | 1 125 696 |
| Nie-bedryfslaste | **81 969** | 60 264 | 76 291 |
| Aanspreeklikheid vir aandeelgebaseerde betalings | **30 445** | 18 227 | 26 462 |
| Uitgestelde belasting | **51 524** | 42 037 | 49 829 |
| Bedryfslaste | **526 063** | 524 029 | 520 299 |
| Rekenings betaalbaar en voorsienings | **444 531** | 443 670 | 499 866 |
| Bankoortrekkings | **81 532** | 80 359 | 20 433 |
| Totale ekwiteit en laste | **1 697 069** | 1 584 861 | 1 722 286 |
| Getal uitgereikte aandele na aftrekking van tesourieaandele (000'e) | **99 687** | 99 150 | 99 269 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel (sent) | **1 062** | 979 | 1 100 |
| Totale laste uitgesonderd uitgestelde belasting: Totale ekwiteit (%) | **51** | 54 | 49 |
| Totale lenings: Totale ekwiteit (%) | **7** | 8 | 2 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Bedryfswins voor abnormale items | **191 779** | 174 111 | 410 866 |
| Aanpassing vir nie-kontant- en ander items | **41 193** | 37 110 | 89 659 |
| **Kontantbedryfswins voor bedryfskapitaalveranderings** | **232 972** | 211 221 | 500 525 |
| Bedryfskapitaalveranderings | **(168 028)** | (196 574) | (206 875) |
| **Kontant uit bedrywighede gegenereer** | **64 944** | 14 647 | 293 650 |
| Rente en dividende ontvang | **3 826** | 11 363 | 16 509 |
| Rente betaal | **(2 611)** | (4 157) | (5 600) |
| Belasting betaal | **(50 340)** | (68 689) | (138 822) |
| Dividende betaal | **(160 953)** | (133 925) | (170 984) |
| **Kontantuitvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(145 134)** | (180 761) | (5 247) |
| **Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **(27 299)** | (28 632) | (62 429) |
| Kapitaalbesteding | **(27 765)** | (38 792) | (91 138) |
| Opbrengs op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **1 304** | 814 | 10 275 |
| Netto beweging in lenings en voorskotte | **(838)** | 5 930 | 14 221 |
| Kontantverwante abnormale items | | 3 416 | 4 213 |
| **Kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **10 933** | 16 545 | 15 670 |
| Opbrengs uit uitreiking van aandelekapitaal | **6 527** | 12 286 | 14 472 |
| Korttermynlenings aangegaan | **4 406** | 4 259 | 1 198 |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | **(161 500)** | (192 848) | (52 006) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk** | **168 970** | 218 133 | 218 133 |
| **Uitwerking van wisselkoersveranderings** | **11** | (4 566) | 2 843 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk** | **7 481** | 20 719 | 168 970 |

## VERKORTE GROEP SEGMENTELE VERSLAG

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Kusvissery | **999 981** | 983 895 | 2 142 497 |
| Oopsee- en diepseevissery | **428 958** | 555 533 | 948 267 |
| Kommersiële koelbewaring | **97 462** | 81 332 | 210 524 |
| Totaal | **1 526 401** | 1 620 760 | 3 301 288 |
| **Bedryfswins voor abnormale items** | | | |
| Kusvissery | **67 790** | 58 838 | 165 451 |
| Oopsee- en diepseevissery | **99 893** | 96 473 | 177 681 |
| Kommersiële koelbewaring | **24 096** | 18 800 | 67 734 |
| Totaal | **191 779** | 174 111 | 410 866 |
| **Totale bates** | | | |
| Kusvissery | **1 042 554** | 809 616 | 926 830 |
| Oopsee- en diepseevissery | **233 878** | 357 172 | 286 029 |
| Kommersiële koelbewaring | **176 472** | 176 816 | 174 035 |
| Finansiering | **236 471** | 234 680 | 329 514 |
| | **1 689 375** | 1 578 284 | 1 716 408 |
| Uitgestelde belasting | **7 694** | 6 577 | 5 878 |
| Totaal | **1 697 069** | 1 584 861 | 1 722 286 |
| **Totale laste** | | | |
| Kusvissery | **302 193** | 245 025 | 351 170 |
| Oopsee- en diepseevissery | **123 731** | 177 575 | 128 385 |
| Kommersiële koelbewaring | **42 311** | 33 900 | 44 437 |
| Finansiering | **88 273** | 85 756 | 22 769 |
| | **556 508** | 542 256 | 546 761 |
| Uitgestelde belasting | **51 524** | 42 037 | 49 829 |
| Totaal | **608 032** | 584 293 | 596 590 |

## AANTEKENINGE

1. Die ongeouditeerde resultate van die groep vir die ses maande geëindig 31 Maart 2010 is opgestel ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) van toepassing op Tussentydse Finansiële Verslagdoening (IAS 34) en in ooreenstemming met die beginsels wat in die mees onlangs gepubliseerde finansiële jaarstate toegepas is, behalwe soos beskryf in aantekening 2.

2. Gedurende die tydperk het die groep IAS 1 Aanbieding van Finansiële State en IFRS 8 Bedryfsegmente aanvaar.

   Die vernaamste uitwerking van die veranderings wat deur IAS 1 vereis word, was soos volg:
   - Die verkorte groepinkomstestaat is nou die verkorte groepstaat van omvattende inkomste.
   - Alle nie-eienaarveranderings in ekwiteit word nou weergegee onder ander omvattende inkomste in die verkorte groepstaat van omvattende inkomste.
   - Die verkorte groepbalansstaat is nou die verkorte groepstaat van finansiële posisie.
   - Die verkorte groepkontantvloeistaat is nou die verkorte groepstaat van kontantvloei.

   Die aanvaarding van IFRS 8 het geen uitwerking gehad op die aanbieding van die huidige en vorige tydperk se resultate nie.

| | Ongeouditeer ses maande geëindig 31 Maart 2010 R'000 | 2009 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 30 Sep 2009 R'000 |
|---|---|---|---|
| **3. Abnormale items** | | | |
| Waardedaling van klandisiewaarde | **(19 279)** | | |
| Netto surplus met verkoop van eiendom | **40** | | 8 474 |
| Omswaaiing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming | | 3 416 | 7 422 |
| Wins op verkoop van belegging | | | 1 413 |
| Omswaaiing van voorsiening vir onverhaalbare lenings | | | 600 |
| Versekeringsopbrengs | | | 2 799 |
| Waardedalingskoste op vaartuie en toerusting | | | (713) |
| Aanwending van pensioenfondssurplus | | | (666) |
| Abnormale (verlies)/wins voor belasting | **(19 239)** | 3 416 | 19 329 |
| Belasting | | (1 196) | (2 312) |
| Abnormale (verlies)/wins na belasting | **(19 239)** | 2 220 | 17 017 |
| **4. Bepaling van wesensverdienste** | | | |
| Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers | **106 671** | 122 504 | 292 199 |
| Aangepas vir: | | | |
| Waardedaling van klandisiewaarde | **19 279** | | |
| Netto surplus met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(86)** | (705) | (9 954) |
| Omswaaiing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming | | (2 220) | (7 422) |
| Wins op verkoop van belegging | | | (1 413) |
| Waardedalingskoste op vaartuie en toerusting | | | 713 |
| Totale belastingeffek van aanpassings | **13** | | 2 641 |
| Wesensverdienste vir die tydperk | **125 877** | 119 579 | 276 764 |
| **5. Dividende** | | | |
| Geraamde dividend na verslagdatum verklaar | **32 897** | 30 737 | 151 881 |
| Dividend op aandele voor laaste verhandelingsdag uitgereik | | 318 | 254 |
| Werklike dividend na verslagdatum verklaar | | 31 055 | 152 135 |
| **6. Aanvullende inligting** | | | |
| Depresiasie | **34 294** | 30 688 | 72 035 |
| Bedryfsbruikhuurkoste | **10 825** | 9 223 | 24 239 |
| Kapitaalbesteding | **27 765** | 38 792 | 91 138 |
| Uitbreiding | | 16 901 | 19 618 |
| Vervanging | **27 765** | 21 891 | 71 520 |
| Begrote kapitaalverbintenisse | **118 208** | 74 847 | 105 264 |
| Gekontrakteer | **66 533** | 4 396 | 9 449 |
| Nie gekontrakteer nie | **51 675** | 70 451 | 95 815 |
| | **Getal aandele '000** | Getal aandele '000 | Getal aandele '000 |
| **7. Uitskakeling van tesourieaandele** | | | |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele | **118 894** | 118 345 | 118 386 |
| Min: tesourieaandele deur aandeletrusts gehou | **(14 222)** | (14 253) | (14 251) |
| Min: tesourieaandele deur filiaalmaatskappy gehou | **(5 094)** | (5 094) | (5 094) |
| Geweegde gemiddelde getal aandele waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word | **99 578** | 98 998 | 99 041 |

## KOMMENTAAR

### Finansiële resultate

Bedryfswins voor abnormale items het met 10% toegeneem in vergelyking met die eerste helfte van die vorige jaar, danksy beter resultate in elk van die drie segmente. Abnormale items bestaan hoofsaaklik uit 'n waardedalingskoste met betrekking tot klandisiewaarde, wat ontstaan het met die verkryging van die Britse Glenryck-onderneming in 2004. Beleggingsinkomste was aansienlik laer as verlede jaar – hoofsaaklik as gevolg van 'n groter voorraad ingevoerde ingemaakte vis om aan markvereistes te voldoen.

Wesensverdienste per aandeel vir die ses maande het met 5% gestyg.

'n Tussentydse dividend van 33 sent per aandeel is verklaar (2009: 31 sent per aandeel).

### Bedryfsoorsig

***Kusvissery***

Die totale toelaatbare vangs (TTV) in 2010 vir sardyne in Suid-Afrika is 90 000 ton (2009: 90 000 ton). Sardynvangste en opbrengste by die inmaakfabriek in St Helenabaai was goed. Die Namibiese TTV is 25 000 ton (2009: 17 000 ton). Visvangbedrywighede het in Mei begin en vangste soortgelyk aan dié van die vorige seisoen word by Etosha in Walvisbaai verwag, ondanks die groter TTV. Totale produksie by Etosha behoort egter hoër te wees vir die jaar as gevolg van die inmaak van bevrore vis vanaf Marokko.

Verkoopsvolumes ingemaakte vis het gestyg as gevolg van 'n sterker aanbodketting en ingevoerde produk wat steeds plaaslike voorraad aangevul het. Marges het effens verbeter en Lucky Star se markaandeel het verder herstel as gevolg van die hoër verkope.

Marktoestande by Glenryck in die Verenigde Koninkryk was besonder stram, en marges het onder druk verkeer as gevolg van die swak pond en die bedrywighede van mededingers.

Algeheel was wins uit ingemaaktevis-bedrywighede hoër as die wins oor dieselfde tydperk verlede jaar.

Die omset van vismeel het afgeneem, hoofsaaklik weens lae beginvoorraad en swak vangste aan die einde van die laaste seisoen. Die gebrek aan volume, asook hoë onderhoudskoste wat gedurende die jaarlikse sluitingstyd aangegaan is, het tot 'n verlies teen die helfte van die jaar gelei. Die aanvanklike ansjovis-TTV vir die "A"-seisoen vir 2010 is 303 183 ton (finale TTV vir die "A"-seisoen vir 2009: 449 437 ton). Huidige seisoensvangste van ansjovis en rooi-oogharing vir die groep se vismeelfabrieke is hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk verlede jaar, en die verwagting is dat dit in die winter sal voortduur. Vismeelverkoopspryse het die afgelope paar maande beduidend gestyg as gevolg van kommer oor 'n internasionale marktekort, waarvan die positiewe impak in die tweede helfte sigbaar behoort te wees.

Die TTV vir weskuskreef het tot 2 393 ton gestyg (2009: 2 340 ton). Dieselfde kwota as in die vorige jaar is aan alle houers van kommersiële regte toegeken – in Oceana se geval 348 ton. Die addisionele 53 ton is aan bestaansvissermanne toegeken. Vangkoerse was aansienlik beter as verlede jaar, wat tot laer vangkoste per eenheid gelei het. Teen 31 Maart 2010 is 53% van Oceana se kwotas gevang, teenoor 28% teen dieselfde tyd verlede jaar. Verkoopspryse was hoër in buitelandse valuta, maar laer in rand. Winste uit kreef het gestyg as gevolg van hoër verkoopsvolumes en laer eenheidskoste.

Na 'n sterk begin van die seisoen het tjokkavangste ietwat afgeneem, maar dit was nietemin beter as in die ooreenstemmende tydperk, wat deur 'n staking deur vissers in die hele bedryf geraak is. Ondanks die feit dat verkoopspryse in die Europese markte steeds onder druk is, het die onderneming weer winsgewend geword.

Die aankoopkoste van aartappels by die aartappelskyfie-onderneming het gedurende die eerste kwartaal van die finansiële jaar skerp gestyg weens groot misoeste in die kweekgebiede. Dit het 'n effek gehad op volumes wat ook afgeneem het weens die laer produksie en mededingende, ingevoerde produkte, wat meegebring het dat wins vir die ses maande gedaal het.

***Oopsee- en diepseevissery***

Die marsbanker-TTV in Namibië het tot 247 000 ton gestyg (2009: 243 000 ton). Vangkoerse in Namibië was baie goed, terwyl geen produksieverliese weens droogdokherstelwerk aan vaartuie gely is nie. In Suid-Afrika is die maksimum voorsorgvangslimiet steeds 31 500 ton. Oceana se vaartuig het minder gunstige vangtoestande as in die vorige jaar ondervind, met die gevolg dat vangsyfers laer was. Vaartuigbedryfskoste in beide Namibië en Suid-Afrika was laer, danksy laer brandstof- en onderhoudskoste. In vergelyking met die eerste helfte van die jaar was verkoopspryse oor die algemeen hoër in Amerikaanse dollar, maar laer in rand. Handelsvolumes van marsbankers uit Mauritanië en die Stille Suidsee was aansienlik laer. Algeheel was wins uit marsbankers effens hoër as gedurende die vergelykende tydperk.

Stokvis het oor die verslagtydperk 'n verlies gely as gevolg van lae verkoopspryse, die sterk randwisselkoers en koste verbonde aan die onklaarraking van een van die vaartuie.

***Koelbewaring***

Omset het gestyg danksy groter vrieskapasiteit in die afdeling en 'n hoër algehele besettingskoers, wat hoofsaaklik deur die fasiliteite by City Deep en Epping bestuur is. Die getal palette wat hanteer is, het ook toegeneem. Bouwerk is tans aan die gang om die City Deep-fasiliteit verder uit te brei. Bedryfswins vir die ses maande het verbeter.

### Vooruitsigte

Visvangtoestande in die Suider-Afrikaanse streek behoort redelik stabiel te bly. Ons Suid-Afrikaanse markte en ander markte in Afrika en Asië sal na verwagting groei toon, maar ons Europese uitvoermarkte moet nog herstel tot die vlakke voor die wêreldwye ekonomiese krisis.

**MA Brey**
Voorsitter

**FP Kuttel**
Hoof uitvoerende beampte

6 Mei 2010

## DIVIDENDVERKLARING

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend nommer 133 van 33 sent per aandeel ten opsigte van die jaar geëindig 30 September 2010 op Donderdag 6 Mei 2010 verklaar is. Die toepaslike datums is die volgende:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | – Vrydag 25 Junie 2010 |
| Handel sonder dividend neem 'n aanvang | – Maandag 28 Junie 2010 |
| Rekorddatum | – Vrydag 2 Julie 2010 |
| Dividend betaalbaar | – Maandag 5 Julie 2010 |

Aandeelsertifikate mag van Maandag 28 Junie 2010 tot en met Vrydag 2 Julie 2010 nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Op las van die direksie

**M Allie**
Maatskappysekretaris

6 Mei 2010


**Direkteure:** MA Brey (voorsitter), RA Williams (visevoorsitter), FP Kuttel* (hoof uitvoerende beampte), PG de Beyer, ABA Conrad*, M Fleming, PB Matlare, RG Nicol*, S Pather, NV Simamane, TJ Tapela (* uitvoerend)
**Geregistreerde kantoor:** 16de Verdieping, Metropolitan-sentrum, Coen Steytlerlaan 7, Kaapstad 8001 • **Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001(Posbus 61051, Marshalltown 2107) • **Borg – Suid-Afrika:** Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk • **Borg – Namibië** Old Mutual Investment Services (Namibia) (Pty) Limited • **Maatskappysekretaris:** M Allie
**JSE-aandelekode:** OCE **NSX-aandelekode:** OCG **ISIN-nommer:** ZAE000025284


**www.oceana.co.za**


GREYMATTER & FINCH # 5124